



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Purim – Die Fees van Ester

Beide *Hanukkah* en *Purim* is feeste wat wel in die bladsye van die Skrifte gevind word, maar is egter nie deel van die Feestye (Bestemde Tye) van YHVH soos ondermeer in Levitikus 23 opgeteken is nie. Daarom is dit nodig om oor die viering van hierdie feeste te besin, asook om te besin oor die betekenis daarvan en oor die plek wat dit in ons geloofslewe behoort in te neem.

Beide Hanukkah en Purim is geskiedkundige gebeure waar Israel uitwissing in die gesig gestaar het, maar deur YHVH op 'n bonatuurlike wyse gered was. Dit opsigself is rede om hierdie gebeure op gepaste wyse in herinnering te roep, maar nie as deel van die Feestye van YHVH nie.

Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die instelling van *Hanukkah* gaan terug na die jaar 171 voor Messias toe Antiochus IV, ook bekend as Antiochus Epifanus, die regeerder van Sirië en Judea geword het. Antiochus het aan homself die naam Epifanus, wat *god gemanifisteer* beteken, gegee, want hy het homself beskou as die god wat oorhoofs oor al die gode is. Hy wou eenheid in sy ryk bewerkstellig deur 'n Helenistiese (Griekse) kultuur te vestig en hy het die Hebreuse (Joodse) geloof en kultuur as die struikelblok in die weg hiervan gesien en het gevolglik die Jode onderdruk en vervolg deur hulle te verbied om hulle geloof uit te leef. Antiochus wou nie die Jode fisies uitwis nie, maar hy wou hulle dwing om sodanig met die Griekse kultuur vermeng te raak dat hulle Hebreuse (Joodse) identiteit totaal verlore sou gaan en hulle nie meer YHVH in Gees en Waarheid sou dien nie.

[Ons skrywe oor Hanukkah kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik:  
<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/12/GB8.Nov13HanukkahHersien.pdf>]

Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die jaarlikse herdenking van Purim, verskil van die van Hanukkah in die opsig dat die Jode fisiese uitwissing in die gesig gestaar het. Later meer hieroor.

**Onthou:** Satan se doelwit deur die eeue is om van die God van Israel “ontslae” te raak deur YHVH se ware outoriteit, karakter en hoedanighede verkeerdelik weer te gee (te verdraai) op 'n wyse dat mense dit sal glo en, tweedens, om Israel en YHVH se volk fisies te vernietig!! Met die gebeure aangaande Hanukkah wou Satan die God van Israel

“vernietig” het deur Sy Naam uit te wis sodat Israel nie meer die ware Lewende God sou ken nie, terwyl met die gebeure aangaande Purim wou Satan vir Israel fisies uitgewis het. Hierdie patroon is deur die eeue herhaal. Dink maar aan al die gebeure waar daar gepoog is om die Jode (Israel) uit te wis, hetsy deur fisiese uitwissing of gedwonge vermenging met ander groepe en kulture. Die uitwissing van sowat 6 miljoen Jode gedurende die Tweede Wêreldoorlog is nog vars in ons geheue! Die psalmdigter het reeds eeue gelede hierdie profetiese woorde gespreek:

*Teen u volk smee hulle listig ‘n plan en hou onder mekaar raad teen u verborgenes. Hulle sê: Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie. Ps. 83:4 en 5.*

Satan doen alles moontlik om te verhinder dat mense YHVH, die God van Abraham, Isak en Jakob waarlik kan ken. Selfs Christene se ongehoorsaamheid spruit uit hulle onkunde van die enigste Ware Lewende God, YHVH, en van Sy Outoriteit en Karakter (Hoedanighede). Ons Vader belowe egter dat ons Hom persoonlik kan **ken** (Mat 11:27; Joh. 14:7; Joh. 17:3; Heb. 8:10 en 11; 1 Joh. 5:20). Dit is belangrik om YHVH te ken, want Hy sal diegene wat Hy **nie ken nie**, weg wys van die deur van die Koninkryk. (Matt. 7:21 tot 24; Matt. 25:12; Luk. 13:25). Ons moet strewen om YHVH, ons God en Vader, te ken, maar dit is nog meer belangrik om seker te maak dat Hy ons ken!!

Vandag sien ons dat geskiedkundige gebeure besig is om herhaal te word. Ons is almal bewus van die feit dat Iran (antieke Persië) en sy Moslem bondgenote daarop uit is om Israel te vernietig! Gaan die gebeure wat aanleiding gegee het tot die instelling van Purim in ons leeftyd herhaal word? Is die Iranese leiers, of ander Moslemsleiers, die hedendaagse Haman? Die vraag is dan ook: Wie is bereid om soos Ester en Mordegai hulle lewens te waag om openlik vir Israel in te tree en te ondersteun?

### **Purim – Die Fees van Ester**

*In die twaalfde maand, dit is die maand Adar, op die dertiende van die maand, toe die bevel van die koning en sy wet uitgevoer sou word, op die dag dat die vyande van die Jode gehoop het om hulle te oorweldig, alhoewel die bevelskrif tot die teenoorgestelde gedraai is sodat die Jode oor hulle haters sou heers, het die Jode saamgekom in hulle stede in al die provinsies van koning Agashverosh om hulle aan te val wat hul skade soek en niemand kon hulle weerstaan nie, want vrees vir hulle het op al die volke geval. Ester 9:1 en 2 – PWL<sup>1</sup>*

*Mordekhai het hierdie dinge neergeskryf en briewe gestuur aan al die Jode wat in al die provinsies van koning Agashverosh was, naby en ver, om ooreen te kom dat hulle die veertiende dag en die vyftiende dag van die maand Adar jaarliks moet vier as die dae waarop die Jode gerus het van hulle vyande en die maand wat vir hulle van smart tot vreugde en van rou tot ‘n feesdag verander is; dat hulle dit dae van feesviering en vreugde moet maak en porsies kos vir mekaar stuur en geskenke vir die armes. Die Jode*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

*het dit aanvaar om te doen soos hulle begin het en soos Mordekhai vir hulle geskryf het, want Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, vyand van al die Jode, het beplan om hulle uit te roei en het die lot (pur) gewerp om hulle te vernietig en uit te roei. Toe Ester voor die koning gekom het, het hy laat neerskryf: "Laat die bose plan wat teen die Jode gesmee is, terugkeer op die kop van hom wat hulle beplan het en laat hy en sy seuns aan die galg opgehang word;" Ester 9:20 tot 25 – PWL*

Die woord *Purim* is afkomstig van die woord *pur* en beteken *lot*, *lotery* en *om die lot te werp* (Rig. 9:24 en 26), want die dag waarop Haman die Jode wou uitroei is bepaal deur die lot te werp (Est. 3:7 tot 13). Daarom is hierdie fees ook bekend as die Fees van Lotgevalle (*Feast of Lots*), maar meer algemeen bekend as die Fees van Ester.

Purim word volgens die Joodse burgerlike kalender jaarliks op die 14 van Adar gevier. Volgens die Gregoriese kalender is hierdie feesdag gewoonlik gedurende Maart, maar soms ook teen laat Februarie. Aangesien Purim altyd een maand voor Pesag gevier word, sal dit in 'n skrikkeljaar in die dertiende maad, naamlik die tweede Adar-maad, gevier word.

Purim word op die 14 Adar gevier, want die 13e (die dag wat Haman die Jode wou uitwis – Ester 3:13) word beskou as die dag wat die "veldslag" (geveg) plaasgevind het. Die oorwinning is dus op die 14e aangekondig. Die 15 van Adar word as *Shushan Purim* gevier op grond daarvan dat in die ommuurde stad *Shushan* (Susan) waar koning Ahasveros gewoon het, was die oorwinning eers een dag later behaal.

Soos reeds genoem is Purim, net soos Hanukkah, nie een van die Bestemde Tye (Feestye; *mo'edim*) wat volgens Levitikus 23 deur YHVH ingestel is nie en daarom kan dit nie beskou word as 'n "amptelike" afspraak met die Vader nie. Dit het egter 'n geskiedkundige oorsprong en daar word wel in die Skrifte na hierdie fees verwys. Beide Purim en Hanukkah word jaarliks gevier op grond van hierdie belangrike gebeure wat Israel se geskiedenis beïnvloed het, en waarskynlik ook die geskiedenis van die wêreld.

Die feit dat Purim nie Torah (die eerste vyf boeke van Moses) gefundeer is nie, laat by sommige die vraag of hierdie fees hoegenaamd gevier behoort te word? Die doel van hierdie skrywe is nie noodwendig om uitsluitel oor die saak te probeer gee nie, of om voorskriftelik te wees nie, maar om wel sekere feite aangaande die gebeure wat aanleiding gegee het tot die instelling van hierdie fees kortliks te bespreek en in die lig daarvan 'n ingeligde besluit te kan neem oor hierdie fees.

Hoewel YHVH ons Vader nie Sy kinders (Israel) beveel het om hierdie fees te gedenk nie, moet ons egter eweneens besef dat hierdie fees ingestel is na aanleiding van 'n geskiedkundige gebeurtenis wat weer in die eindtye herhaal gaan word. Diegene wat Torah bestudeer sal weet dat in Torah, maar ook deurgaans in die Woord van YHVH, word daar 'n patroon ('n heenwysing, skadubeeld) gevestig wat herhaal sal word. Soos dit in Jesaja duidelik gestel word, naamlik dat die einde deur die begin bekend gemaak sal word.

*Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen. Jes. 46:9 en 10.*

Paulus herinner ons ook aan hierdie waarheid:

*Maar al hierdie dinge het hulle (Israel) oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. 1 Kor. 10:11*

Soos reeds genoem, sal die geskiedkundige gebeure wat tot die instelling van Purim aanleiding gegee het, weer in die laaste dae herhaal word. Soos in die dae van Ester en Mordegai sal YHVH weer gedurende eindtydgebeure tot die redding van Sy uitverkore volk kom – selfs al sal Israel soos van ouds ontrou wees en almal nie na die beloofde land teruggekeer het nie. Purim dien dus ook as een van die waarskuwings aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Dit is egter ook 'n bemoedigende herinnering dat YHVH, die Almagtige, in beheer is en dat alles volgens Sy raadsplan sal geskied.

Purim is dus as 'n herinnering van YHVH se genade en van Sy plan van herstel van Israel. Is hierdie dan nie genoegsame rede waarom hierdie gebeurtenis gedenk behoort te word nie? Dit herinner ons aan wat gebeur het en is 'n voorbeeld en waarskuwing *aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het*. Purim is ryk aan geestelike lesse waaruit ons kan leer en, derhalwe, rede om dit jaarliks op gepaste wyse te herdenk en in ons lewens toe te pas.

Van al die Joodse feeste is Purim die vrolikste. Dit is die herdenking van 'n tyd toe die Jode wat in Persië gebly het van uitwissing gered was. Die helde in die storie is Ester (Hadassa – Est.2:7) en haar neef Mordegai. Laat ons egter eers die gebeure wat aanleiding tot die instelling van Purim gegee het, kortliks bespreek.

## **Die Geskiedenis**

Hierdie gedeelte van Israel se geskiedenis het in antieke Persië, wat vandag bekend is as Iran, tydens die koningskap van Ahasvéros, ook bekend as Xerxus I (486 tot 465 voor Messias), plaasgevind. Dit was ook in die tyd kort nadat 'n klein gedeelte van die Jode wat in ballingskap in Persië was, met die toestemming van koning Kores, die voorganger van Ahasveros, na Israel teruggekeer het om die tempel te herbou (Esra 1:1 tot 4).

Die boek van Ester gee vir ons 'n volledige vertelling van die geskiedkundige gebeure wat uiteindelik tot die instelling van Purim aanleiding gegee het. Baie kortliks kan die hele boek soos volg opgesom word:

Ester, 'n skoonheid van Hebreeuse herkoms, en wat deur koning Ahasvéros as sy nuwe koningin in die plek van koningin Vasti gekies was, het die Jode met die hulp van Mordegai van gewisse uitwissing gered deur die komplot van die onderduimse en arrogante Haman, om al die Jode op 'n bepaalde datum dood te maak, aan Ahasvéros

bloot te lê. Op grond hiervan het Ahasveros ten gunste van die Jode besluit en het Haman aan die galg, wat vir Mordegai bestem was, gesterf. Mordegai is in die plek deur Ahasveros aangestel en na aanleiding van hierdie reddende genade van YHVH, die jaarlikse fees van Purim (Fees van Ester) ingestel.

Die helde in hierdie gebeure is eerstens Ester wat haar lewe gewaag het om sonder uitnodiging na koning Ahasvéros te gaan en hom, asook Haman, na 'n feesmaal te nooi waartydens sy die komplot van Haman teen die Jode bekend gemaak het. Die ander held in die verhaal is Mordegai, die neef van Ester, wat openlik die gesag en bevel van Haman verontagsaam het en aan Ester die nodige ondersteuning gebied het om haar taak uit te voer. Mordegai is ook die een wat met ware berou (*Teshuva*) hom voor YHVH verootmoedig het en al die ander Jode aangemoedig het om dieselfde te doen.

Sekerlik het beide Ester en Mordegai besef dat die grondliggende oorsaak van hul benarde situasie toe te skryf is aan die ongehoorsaamheid van die gedeelte van die volk in Persië wat nie na die beloofde land, Israel, teruggekeer het nie. Was dit nie ondermeer die rede vir die drie dae vas van Ester, Mordegai en van die volk nie (Est. 4:16)?

Hierdie geskiedenis is maar net deel van die vele handeling van YHVH met sy volk. Dit is weereens bewys dat YHVH getrou bly al is Sy bruid, Sy uitverkore koninklike priesterdom, ontrou. Purim is die bevestiging dat YHVH se genade vir ewig sal bestaan en toeganklik sal bly vir elkeen wat met ware berou tot God nader. Soos iemand dit gestel het: *There may be a thousand good reasons for two people not to marry. But true love overcomes them all. Indeed, true love is why YHVH still cares for us, and why we still care for Him.*

Haman was 'n afstammeling van die anti-semitiese Amalekiete wat daarop uit was om die "probleem van die Jode" op te los deur hulle uit te wis. Hierdie Jode-haat was op etniese groepering gebaseer en was deur die eeue verskeie keer herhaal en is steeds vandag die wortel van alle haat teen Israel en enige een wat met Israel en die Jode medelye het. Haman se Jode-haat het ondermeer gespruit uit die feit dat die Jode se wette anders was as die van enige volk hoewel hulle die landswette ook gehoorsaam het:

*Toe sê Haman aan koning Ahasvéros: Daar is een volk wat verstrooid en afgesonderd is tussen die volke in al die provinsies van u koninkryk, en hulle wette is anders as dié van enige volk; ook hou hulle die wette van die koning nie, sodat dit die koning nie pas om hulle te laat begaan nie. Est. 3:8*

Die leuen wat Haman verkondig het, is ook by herhaling deur die eeue verkondig en is grootliks die rede vir die haat teenoor YHVH se volk. Anti-semitisme se oorsprong is dus etnies, asook omrede die Jode, en die nie-Jode wat op die mak olyfboom ingeënt is, ook ander wette as landswette gehoorsaam. Hulle andersheid is te vinde in Torah-gehoorsaamheid. Dit is 'n gees van Haman (Amalek) wat in elkeen heers wat Jode haat. Ons kan waarlik sê: Profesie is geskiedenis in wording en die einde sal deur die begin bekend gemaak word. Anti-semitisme is wêreldwyd aan die toeneem en word selfs in die kerk gevind. Purim herinner ons ook aan hierdie werklikheid!!

Die boek van Ester is ook die enigste boek in die Skrifte waar die Naam van die Almagtige nie voorkom nie of waar daar geen direkte verwysing na YHVH is nie. Ook hierdie is die bewys dat YHVH soms “agter die skerms werk om Sy doel en plan uit te voer” op wyses wat ons nie altyd besef of verstaan nie. Waarlik, YHVH is ons God en Vader van genade!! Hy is in beheer!

*God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? Num. 23:19*

### **Wat Leer Purim Ons?**

Die gebeure rondom Purim is ryk aan geestelike betekenis. Ons kan ook baie leer uit die karakters en gesindhede van die hoofrolspelers van hierdie geskiedkundige drama. Dit is veral Ester wat die aandag aangryp.

Ons weet dat volgens Hebreeuse kultuur het 'n naam 'n bepaalde betekenis. Die Naam Ester is van Persiese oorsprong en beteken waarskynlik *ster*, maar haar Hebreeuse naam is *Hadassa* wat *mirtbessie (myrtle)* beteken. Die mirtbessiebos is een van die vier plantspesies van die *lulav* wat tydens Sukkot (Fees van Tabernakels) as loffer gewuif word. Simbolies verteenwoordig die mirtbessie die oë van 'n persoon.

Daarom word gesê dat Ester nie net die uiterlike dinge opgemerk het nie, maar dat sy ook die innerlike en die verskuilde kon “sien” [Volgens sommige bronne is die oorsprong van die naam van Ester afkomstig vanaf die Hebreeuse woord *saiter* wat *verborgenheid* beteken]. Ester kon met die oë van YHVH die onsienlike sien. Dit het meegebring dat Ester oor 'n innerlike sterkte en vertrouwe beskik het wat haar bereidwillig gemaak het om selfs haar lewe op te offer vir 'n saak van geregtigheid. Sy was 'n loffer ('n mirtbessie) wat voor YHVH gewuif was in die dae toe Israel uit die hand van Haman gered was. Is dit nie hoe ons ook behoort te wees nie, naamlik om verby die sigbare te kyk en met vertrouwe in YHVH Yeshua die onsigbare raak te sien wat van ons bereidwillige diensknegte van YHVH maak? Is ons soos mirtbessies deel van die loffer voor YHVH?

Ester was 'n dapper vrou wat nie gehuiwer het om standpunt teen die bose in te neem nie. Sy het dit egter met die regte gesindheid (1 Pet. 3:1 tot 4) deur vas en gebed gedoen en sonder om te skroom om die waarheid te openbaar.

Dit was nie net Ester wat haar lewe gewaag het nie, maar ook Mordegai. Hy was bereid om openlik te weier om sy knie voor Haman te buig (Ester 5:9,) al kon dit sy dood beteken. Mordegai het ook die voorbeeld gestel deur openlik berou van sak en as, en baie van die Jode het sy voorbeeld gevolg (Ester 4:1 tot 3). Is ons bereid om soos 'n Mordegai ons voor God sigbaar en hoorbaar te verootmoedig, veral vir 'n saak waar ons medemens die lydende party is?

Die les wat ons uit die optrede van beide Ester en Mordegai leer, is dat ons bereid moet wees om ons lewens te waag vir die Koninkryk van YHVH. Hoewel ons 'n koninklike priesterdom is (1 Pet. 2:9), kan ons nie verwag om gepamperlang te word nie, want ons is immers ook krygsmanne, atlete en landbouers (2 Tim. 2:3 tot 6) wat in 'n geestelike

oorlog gewikkel is (Ef. 6:12). Om krygsman, atleet en landbouer te wees vereis egter opoffering, toegewydheid en harde werk.

Soos Ester is ons ook geroep vir hierdie taak. Indien ons nie bereid is om vir die Koninkryk te waag nie, sal YHVH wel iemand anders kry, terwyl ons die gevolge van ons stilsweye en waagloosheid sal moet dra (Ester 4:14).

Purim leer ons ook dat YHVH 'n God van wonderwerke is. Daar is die duidelike sigbare wonderwerke waar YHVH Homself prominent openbaar, soos byvoorbeeld Pesag. Dan is daar die wonderwerke waar YHVH verskuil is, soos Purim. Beide is die werking van die Almagtige. Ons is egter geneig om op die "sigbare" wonderwerke te fokus en die "verskuilde" wonderwerke te vergeet. Is ons alledaagse lewe nie ook 'n wonderwerk nie? Weet ons regtig by hoeveel geleenthede die Vader "agter die skerms" en sonder ons bewuswording 'n wonderwerk in ons lewens doen? Purim is 'n herinnering hieraan!! Satan is voortdurend besig om die lot te werp om 'n dag te bepaal om van jou te steel, te slag en te verwoes, maar Yeshua het gekom dat jy lewe in oorvloed kan hê (Joh. 10:10). Is elke dag nie rede tot feesviering nie? Elke dag getuig van ons Vader se redende genade!!

Die Jode wat in Persië agter gebly het nadat koning Kores toestemming gegee het dat hulle na Jerusalem kan terugkeer, het begin vermeng met die Persiese kultuur en leefwyse. Hulle het voorspoed ervaar, maar het die belofte van die beloofde land vergeet. Materialisme het die oorhand begin kry. Is dit nie die gevaar wat ons elkeen in die gesig staar nie? Vergeet ons nie te maklik ons roeping en eindbestemming nie? Soms kos dit 'n Haman om ons uit ons slaap wakker te maak!

Haman is 'n afbeelding van elkeen wat gedryf deur anti-semitisme die uitwissing van Israel (die Jode) beplan of op enige wyse die volk van YHVH te nakom. Dit wat Haman beplan het, het toe die lot van hom en sy huisgesin geword. Daarom dien Haman as waarskuwing en herinnering dat YHVH vir ewig getrou bly aan Sy belofte aan Abraham: *En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek* (Gen. 12:3). Elkeen wat glo in Yeshua as die Messias is die nageslag van Abraham (Gal. 3:7), en diegene wat die nageslag van Abraham vervloek (verfoei, verafsku) sal uiteindelik die oordeel van Haman ontvang. Mag YHVH ook in hierdie tye sy volk spoedig verlos van die hedendaagse Hamans!!

'n Verskuilde vorm van anti-semitisme word in die kerk gevind deurdat sommige verklaar dat die kerk Israel vervang het. Aan die ander kant van die skaal is daar diegene wat verklaar dat hulle as die verlore stamme die ware Israel is en nie die Jode wat huidig in Israel is nie, en daarom glo hulle dat hulle moet terugkeer (*aliyah*) na Israel. Beide groepe openbaar die gees van Haman.

Purim is ook 'n waarskuwing teen die gees van Haman wat niks anders is as om selfondergang te bewerkstellig nie. Ons as nie-Jode is ingeënt op die mak olyfboom. Ons "vervang" nie die Jode nie en ons voorouers is nie noodwendig Jode van die tien stamme wat "verlore geraak" het nie. Ons harte klop in ritme met die Vaderhart, want die land Israel en die volk Israel is Sy eiendom! Purim herinner ons aan hierdie waarheid!

## Wyse Wat Purim Gevier Word

Die Joodse kultuur (Judaïsme) is ryk aan simboliek en tradisies. Deur die eeue is daar baie simboliek en tradisies byvoeg wat ook in die hedendaagse viering van Purim voorkom. Die oorsprong hiervan is nie altyd bekend nie, en sommige behoort ernstig bevraagteken te word. So byvoorbeeld is dit volgens die Talmud “toelaatbaar” om tydens die eet van die Purim feesmaal soveel wyn te drink dat daar nie meer onderskei kan word tussen *geseënd is Mordegai* en *vervloek is Haman*. Daar is egter ander tradisies wat as Skriftuurlik beskou kan word en wat meer gepas is om uit vrye wil te volg. Die bekendste is die volgende:


Die eet van ‘n feesmaal saam met familie en vriende is bo aan die lys! Dit staan bekend as *Se’udah* – deelname aan ‘n feesmaal (Ester 9:22).

‘n Feestelike, en dikwels ‘n karnaval-tipe atmosfeer is ook kenmerkend van die viering van Purim en kinders neem graag deel hieraan.

Sommige Jode vas die dag voor Purim (13 van Adar). Dit staan bekend as die *vas van Ester* toe sy haarself voorberei het om haar lewe te waag om na koning Ahasveros te gaan en sy, en die volk, vir drie dae gevas het (Ester 4:16). Onthou sy kon net gaan op uitnodiging van die koning, andersins kon dit haar lewe gekos het!

Die lees van die *Megillah* (Boek van Ester) is die belangrikste van hierdie feesdag. Daar is vyf boeke in die Skrifte wat as *Megillah* bekend staan, naamlik: Ester, Rut, Klaagliedere, Prediker en Hooglied. Gewoonlik word na Ester verwys as die *Megillah*.

Tydens die lees van die *Megillah* word daar geraas gemaak telkens wanneer Haman se naam genoem word. Dit word gedoen deur die voete te stamp, hom uit te jou of met die hulp van ‘n *greggor* of met enige iets wat lawaai maak. Die bedoeling is om Haman se naam *uit te wis*.



‘n *Greggor* (*rattle*; rammelaar; “geraasmaker”)

Die gee van lekkernye aan mekaar en aan die behoeftiges is ook deel van die tradisie van Purim. Hierdie gebruik staan bekend as *shalach manos* en die letterlike betekenis daarvan is *die stuur van porsies*. Een van die bekende lekkernye tydens hierdie feestyd is ‘n driehoekvormige koekie met vrugte gevul bekend as *hamentaschen*. Letterlik beteken dit *Haman se sakke* (vol geld!), maar dit verwys ook na Haman se driehoekvormige hoed en ook na sy ore.



Uiteraard is Purim nie ‘n Shabbat nie, hoewel sommige glo dat geen werk gedoen moet word nie uit eerbetoon vir hierdie geskiedkundige gebeurtenis.

### **Opsomming en Gevolgtrekking**

Die besluit om Purim te gedenk of nie word bepaal of geglo word dat die boek van Ester deel is van die Tanakh (ou testament). Diegene wat die boek van Ester se geloofwaardigheid betwyfel, is ook meestal diegene wat die viering van Purim sal bevraagteken. Indien jy egter glo dat die boek van Ester deel is van die Tanakh, en indien jy, soos ek, ‘n getuienis het dat Vader YHVH jou lewe gespaar het toe jy soos Israel van ouds in ongehoorsaamheid aan Torah geleef het, dan sal jy graag Purim wil gedenk. Jy sal dit doen in die wete dat dit nie deel is van die Vader se Bestemde Tye nie, maar jy sal dit wil doen vanweë die geestelike en persoonlike betekenis wat dit vir jou het en omrede jy ‘n liefde vir Israel en die Jode het.

Ja, ons as gelowiges wat weet dat Yeshua die Messias is wat reeds gekom het, hoef nie Purim te vier nie en ook nie op die wyse wat Judaïsme dit vandag doen nie. Dit is byvoorbeeld nie nodig om ons vreugde deur oordadige gebruik van wyn aan te help nie, want ons vreugde is Yeshua Messias. Ons kan wel ons vreugde en dankbaarheid teenoor YHVH op verskillende wyses sigbaar demonstreer.

Ons medelye en openlike ondersteuning van Israel is waarskynlik die belangrikste wyse hoe ons Purim kan gedenk. Is Purim nie juis die geleentheid om vir die Jode in te tree dat die sluier van hulle weggeneem sal word sodat hulle die groter heerlijkheid van die gekruisigde en opgestane Yeshua sal sien nie – ‘n heerlijkheid groter as die geskrewe Torah. Yeshua is immers die vleesgeworde Torah en die ware verlossing van Israel!! Dit is ‘n belofte van YHVH wat waarskynlik in ons leeftyd vervul gaan word. Ons is deel van Israel! Mag Purim ons ook hieraan herinner!

Kan jy en ek bekostig om Purim stilswyend te laat verbygaan? Is ons nie juis vir ‘n tyd soos hierdie deur die Koning van konings gekies om tot die geestelike stryd teen die Hamans van hierdie eeu toe te tree nie?

*Want as jy nou werklik stilbly, sal daar van ‘n ander kant af verligting en redding vir die Yehudiem tot stand kom, maar jy en jou familie sal omkom, en wie weet of jy nie met die oog op ‘n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie? Ester 4:14  
(Woord en Getuienis).*

Purim is die geleentheid om fees te vier omrede ons Israel is. En wanneer die vervolging kom en die gees van Haman in die Anti-messias manifesteer, dan kan ons opkyk in die wete dat ons verlossing naby is (Jak. 5:8). Die keer sal Yeshua self ons uit die hand van “Haman” red.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete.  
Johan

Epos: [kontak@nuweliel.info](mailto:kontak@nuweliel.info)

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*